durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

17 - 31 Augustus 2026

### 23 Augustus 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Dian Keyter - Proef preek*<br>*Gemeentejaarstudent*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>Pieter Truter |

Deuroffer: Menges Gesin: Duitsland

### 30 Augustus 2026, Bybelsondag

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert*<br>**Oupa & Oumadag** |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>Stephanie Steenkamp |

Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds

### 6 September 2026, Doop

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>Pieter Truter |

Deuroffer: Bediening aan Dowes

**GEBEURE OORSIG:**
25 Aug: Doopkategese
26 Aug: ~~Orrelfees~~ - uitgestel na 9 September
27 Aug: Seniors
28 Aug: Bybelstudie
30 Aug: Oupa & Oumadag

## Die seisoene verander



Ons kwartaal tema is VERANDER. Ten diepste begin verandering wanneer ons, ons gedagtes inrig volgens Christus. Ons raak dissipels van Jesus wanneer ons leer om soos Hy te dink. Ons leer uit die Woord hoe. *Romeine 12*


Verlede week het Ds. Reynold Fourie dit baie prakties gemaak deur sy illustrasie van hoe ons gedagtes "gevange" geneem moet word. Sit jou gedagtes tydelik in die "tronk", gaan toets dit dan eers aan die Woord voor jy vrye teuels daaraan gee, eers dan kom verandering.

## Ons bid vir 'n ♥ hart ♥

Ons bid as gemeente saam vir Wouter Grové en sy gesin. Hy is in die ICU opgeneem en staan kritiek in die ry vir 'n hartoorplanting. Ons moet wag tot daar 'n hart is.

Bid saam met ons asseblief. Ons stap jare met hom en sy gesin 'n pad.

Wouter het op die ouderdom van drie kanker gekry. Hy is nou 21 en 17 jaar in remissie.



Die chemo het sy hart beskadig. Hy is al jare lank op behandeling vir hartversaking, maar in die laaste drie weke het dit drasties agteruit gegaan.

Hy is na P1 - die hoogste status op die oorplantingslys geplaas en tans op die noodlys.

Dit beteken daar word landswyd gesoek vir 'n geskikte hart.

Pa Wouter (in ons musiekbediening), Ma Suzanne, Sussies Carien & Stukkie (Riana) en ouma - Sarina Hoepfner ons gebede dra julle en Wouter.


Mag die Vader jul versterk in hierdie tyd.



## Dis die jaar van die harte

Dis interessant hulle spring nou oral uit … Het jy die jaar al êrens 'n onverwagse hart gesien soos ons? Laat weet en stuur jou foto in van die harte wat jy raakgeloop het. Foto links: Kerk se Ficus boom houtskyf, Droë hart op nat grond by Andrew Murray Sentrum, Kliphart by Kleinmond se vrouekamp en 'n groen blaar hart in Jonkershoek, 'n herfsblaar hart uit Bloemfontein, selfs 'n onderstebo skuim hartjie in die kerk se fontein.
**Dit herinner ons gedurig aan die jaartema teks uit Spreuke 4:23.**





## Regeneration Sokkie

Die afgelope Vrydagaand het die tieners lekker by die kerk gesokkie en hier op die foto onder is hulle besig met hul "line dancing". Dit was pret en ons maak weer so!





## Senior Hulpwerkersfunksie

Twee maal 'n jaar word die senior hulpwerkers bymekaar gebring. Inligting word uitgeruil en die nuwe lyste wat deur gebel en opgevolg word, word uitgedeel. Daar word ook dankie gesê aan die groep omdat hulle in hul vrye tyd ons seniors so mooi bedien. Elke hulpwerker bedien ongeveer 30 seniors. Daar is 1133 seniors 60 jaar en ouer.









# Kerkraad Verkiesing

**BERGSIG KERKRAAD**

Graag wens ons
**Wietsche Fourie (nuwe Voorsitter) &**
**Nelda Rousseau (nuwe onder-voorsitter)**
van Bergsig se Kerkraad geluk met hulle verkiesing.

Die volgende persone is ook verkies en se name word voorgehou vir approbasie aan die gemeente vir die volgende twee weke:
**Connie Dunn, Melandri Slabber, Rachel Hattingh**

**Die bevestiging van die lede vind D.V. plaas in September 2026.**

Liewe Seniorlidmaat,

Al is dit vir ons onmoontlik om by elkeen persoonlik besoek af te lê wil ons graag saam met jul tyd spandeer.

Ons tweede Huisbesoek-kuiertee vir die jaar, sal op 30 September 2026, by Bergsig ons kerk om 9:30 gehou word.

By die geleentheid verwelkom ons alle seniors wat gebore is voor of in 1950 (almal wat vanjaar 76jr en ouer is).

Indien jul kan saamkuier kan jul asb. die kerkkantoor laat weet voor of op Maandag, 28 September 2026 voor 12:00.

**LW alle gades wat buite die ouderdoms-groep val is welkom om saam te kuier.**














Vir meer inligting: Marinette Kilpert die juniorjeugwerker:
**juniorjeug@bergsigdv.co.za**


















Baie dankie aan Hardie de Beer en Joseph Moholo wat die middelste kruis se dwarsbalk weer geheg en teruggesit het, nadat 'n tak dit vroeër vanjaar afgeval het. Die prentjie is nou weer voltooi en kyk net hoe uitbundig is die pers blommetjies!

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com